'EVA-LUSIE':
DIE VROUESTEM IN SUID-AFRIKAANSE MEDIA

INTREEREDE: PROF LIZETTE RABE SEPT 2001

UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

BEKENDSTELLING

Lizette Rabe is op 14 Februarie 1957 in Kaapstad gebore. As afstammeling van die Duitse nedersetters by Philippi bring sy haar vormingsjare in dié gemeenskap deur. Ná haar laerskoolopleiding aan die Duitse Lutherse Laerskool daar matrikuleer sy aan die Hoër Meisieskool La Rochelle in die Paarl.

Daarna studeer sy aan die Universiteit van Stellenbosch waar sy die grade BA en HonsBA in Joernalistiek (*cum laude*) in onderskeidelik 1977 en 1978 voltooi. (Sy is lid van die eerste groep wat tot die Joernalistiek-kursus toegelaat word.) Die graad MA in Joernalistiek, ook van die Universiteit van Stellenbosch, word in 1985 (*cum laude*) aan haar toegeken. In 1994 verwerf sy 'n DPhil aan dieselfde Universiteit. Haar vyf broers is Oudmaties en een ook 'n hoogleraar aan hierdie Universiteit.

Sy begin haar professionele loopbaan in Januarie 1979 as verslaggewer by die Naspers-publikasie *Die Burger* in Kaapstad. Ná 'n kort tydperk in die algemene nuuskantoor is sy onder meer verantwoordelik vir die bestuur en redigering van 'n streekkoerant. In 1982 is sy na die redaksie van 'n ander Naspers-publikasie, die tydskrif *Sarie*, waar sy in verskeie hoedanighede gewerk het, onder meer as assistent-redakteur en adjunkredakteur. In Augustus 1994 word sy aangestel as redakteur, die sesde in die tydskrif se bestaan, maar die eerste vrou. Met ingang Januarie 2001 word sy as professor en voorsitter van die Departement Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel.

As mediabestuurder het sy verskeie bestuurskursusse binne die Naspers groep van maatskappye voltooi, onder meer die Naspers Leierskapsontwikkelingsprogram en die Naspers Bestuursontwikkelingskursus. In haar laaste jaar by Naspers het die sake-eenheid waarvoor sy verantwoordelik was die hoogste wins in sy geskiedenis aangeteken.

As media-praktisyn was dit 'n hoogtepunt om as redakteur van die grootste vrouetydskrif in Afrika die kontinent se verteenwoordiger te wees by die sestigste jubileum van Nederland se grootste vrouetydskrif in 1994. Sy het onder meer tydskrif-konferensies in Amerika en Europa bygewoon, en was die openings- of geleentheidspreker by verskeie geleenthede, hoofsaaklik van vroue-organisasies.

Rabe was outeur en mede-outeur van vier boeke, waaronder *'n Boekie vir Piet* (Tafelberg-Uitgewers en Human & Rousseau, 1985), 'n huldigingsbundel vir Piet Cillié ná vyftig jaar diens by Naspers, *Wat bababoeke jou nie vertel nie* (HAUM, 1989) 'n "alternatiewe" handleiding vir nuwe ouers wat as *Beeld* se *Boek van die Week* aangewys is, *Veertig is g'n vloekwoord nie* (Queillerie, 1999) en *Sarie 50 Goue Agterblaaie* (Human & Rousseau, 2000).

Sy is 'n lid van die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging, asook 'n lid van die *American Association for Education in Journalism and Mass Communication*, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kultuurgeskiedenis en die Kaapse Persklub. Sy is lid van die Standaarde-genererende Liggaam (SGB) van twee instansies, die SGB vir GCIS (die Regering se Kommunikasie en Inligtingsdiens) en die SGB vir Joernalistiek. Sy is ook 'n beoordelaar vir *Vodacom* se *Joernalis van die Jaar*-kompetisie. Sy was ook lid van onder meer die Vrouebedryfsleiersklub en is betrokke by verskeie gemeenskapsaksies en projekte, onder meer 'n kinderhuis en 'n gemeenskapsmuseum.

Sy is getroud met Anton Hörstmann en die egpaar het drie seuns, Carl (15), en die tweeling Hein en Fritz (13).

* Foto: *Sarie*

Uitleg en druk: Stellenbosch Universiteit Drukkery
September 2001

ISBN 0-7972-0879-8

'EVA-LUSIE' - DIE VROUESTEM IN SUID-AFRIKAANSE MEDIA

'n Besinning oor die status van vroue in die media

INLEIDEND

In April vanjaar was 51% van Suid-Afrikaanse internet-gebruikers vroue, teenoor 38% in Maart 1999 (*Women now*, 2001). Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die geslag van gebruikers van die internet – die sogenaamde *nuwe media* – min of meer die bevolking-samestelling reflekteer. Maar sou 'n studie gedoen word van die inhoud van die internet-aanbod; of van diegene wat die produseerders daarvan is, sou dit waarskynlik gelyk wees aan die bevindings van ander mediastudies. Eerstens: vroue wat in die media uitgebeeld word, is verreweg in die minderheid; tweedens: hulle word gestereotipeer, en derdens: as verskaffers van media is hulle in beperkte rolle (Goga, 2000; Lowe-Morna, 2001; Spears et al., 2000).

Gaan ons vir 'n oomblik honderd jaar terug in ons eie geskiedenis, is Suid-Afrika vasgevang in 'n oorlog wat lank 'n rampspoedige invloed op talle terreine van Suid-Afrika se ontwikkeling sou hê. Ook die media. En hoofsaaklik die rol wat die Afrikaanse vrou in veral die Afrikaanse pers sou speel – of nie speel nie. Soos in die geslagsdiskoers in die letterkunde kan 'n mens ook na die afwesigheid van die Afrikaanse vrouestem in die media verwys as die "stiltes tussen woorde en tekste" (Van Niekerk, 1994: 1). Om nie te praat van die stilte van swart en bruin vroue nie.

Persvryheid moet deur almal geniet kan word en nie net sommige nie, sê pres. Thabo Mbeki vroeër vanjaar in sy boodskap ter viering van die tiende Wêreld-persvryheidsdag. Ook: "Niemand kan tevrede wees terwyl persvryheid hoofsaaklik net deur 'n uitsoekgroep geniet word nie. Dis die kernreg van alle mense om vrye toegang te hê tot media wat hul menings uitdruk en hul lewenservaring en strewes ten volle weerspieël" (For the 10th, 2001).

As 'n mens die status van vroue en ander minderheids-groepe in die media ondersoek, is dit duidelik dat ons ver van daardie ideaal is. Veral as jy in Suid-Afrikaanse media lees van vroulike joernaliste wat teistering van parlementslede – die gekose verteenwoordigers van die volk dus – moet verduur (Stappe, 2001).

Eerstens dan in hierdie besinning oor die status van vroue in die media moet 'n mens begin by die begin – en die oervraag van alle joernaliste: *Wat is nuus*?

Ecquid novi?

Dit is die vraag wat in die heel eerste doktorale dissertasie oor die joernalistiek meer as driehonderd jaar gelede gevra is. Dit is die vraag wat die joernalis vandag steeds vra.

Een van die wêreld se bekendste koerante, *The New York Times*, beantwoord die vraag in sy slagspreuk: "All the news that's fit to print." Soos in die heel eerste doktorale proefskrif, is die antwoord manlik gedefinieer. Sommige gender navorsers in Amerika noem dit 'n geval van *History rather than Herstory*.

By die *New York Times* is die antwoord deur mans bepaal: hulle besluit wat is die nuus wat die moeite werd is om gepubliseer te word – nadat hulle die opdrag gegee het watter soort nuus, deur wie, en hoe dit gedek moet word. So ook het Tobias Peucer in 1690 aan die Universiteit van Leipzig die vraag *ecquid novi* in die eerste proefskrif oor die joernalistiek beantwoord (De Beer et al, 2000: 11). Nuus is "die geboorte en dood van prinse" en "die dood van beroemde mans, en die einde van berugtes". Geen vroue nie. Die res van die definisie is ook manlik gekleur. Peucer skryf dis onder meer "die oorgang van regering, die transaksies van oorlog en vrede" (De Beer et al, 2000: 14).

Vroue se uitbeelding in die media – dienend en desperaat

En omdat die definisie van nuus deur mans bepaal is, kry ons nog hierdie soort beelde: vroue wat as slagoffers uitgebeeld word van omstandighede buite hul beheer – omstandighede wat deur mans beheer word. Dit is feitelike

rapportering: so lyk vroue, en so leef hulle in Wes-Afrika, waar hierdie foto geneem is (Ngwenya, 1999: 51).

Hoekom word vroue hoofsaaklik gereflekteer as die slagoffer, die lydende, die een wat nie in beheer van haar lewe en eie lotsbestemming is nie?

'n Studie deur die *Global Media Monitoring Project* toon dat "vroue as slagoffer" die meerderheid van ondervraagdes is (GMMP2000: The Results, 2000). Feit is: dit is korrekte rapportering. Maar waarom moet die media aan die begin van die 21ste eeu die stereotipe versterk en bevestig?

Stereotipes word beskryf as die "standardized mental pictures" wat 'n oorvereenvoudigde of onkritiese oordeel verteenwoordig (Lazier & Gagnard Kendrick, 1993:201). Oor stereotipes is gesê:

> The subtlest and most pervasive of influences are those which create and maintain the repertory of stereotypes. We are told about the world before we see it. We imagine most things before we experience them. And those preoccupations, unless education has made us acutely aware, govern deeply the whole process of perception (Gist, 1993: 104).

Vroue word steeds gevange gehou in die kettings van die stereotipe en dié persepsies. Die fotograaf van hierdie foto beskryf die situasie:

> What it says to me is how African people, even starving, work for a living by whatever means possible – particularly the women. All over Africa you find it is the women who work the hardest. This woman has a look of desperation, maybe for the responsibility she feels for her children ... you never see a man riding with strawberries on top of his head.

En dan as ironiese nagedagte: "They're too busy doing something else" (Ngwenya, 1999: 51).

Geen beskrywing hier deur die fotograaf nie. Dis 'n advertensie uit 'n nuustydskrif en die teikenmark vir dié reklame die welvarende sakeman (*Time*, 14.08.2000:1).

Die fotograaf het slegs maar 'n opdrag uitgevoer. Maar wat is die persepsie van die kyker? Pragtige Oosterse vroue wat 'n man – 'n sakeklasreisiger, dus is die boodskap ook dat hy invloedryk is – bedien. Oor sulke reklame skryf die Nederlandse medianavorser Liesbet van Zoonen:

> 'n Kern-element van die Westerse patriargale kultuur is die vertoon van vroue as voorwerp, onderworpe aan die toekyk van die (manlike) gehoor. ... Die insluiting van vroue se liggame as dekoratiewe bestanddele in advertensies ... is algemeen (1994: 87).

Dit is reklame, en dus nie joernalistiek nie. Maar wel 'n onderafdeling van massakommunikasie. En een van vele sulke stereotiepe uitbeeldings van vroue oor die hele spektrum van massamedia. 'n Mens kan wel vra: hoe belangrik is 'n advertensie? Neem die publiek hierdie skynbaar eenvoudige boodskappe ernstig op?

In Amerika is dit deel van die $150 miljard per jaar kommunikasiebedryf en word die gemiddelde Amerikaner 1 800 keer per dag aan 'n advertensie blootgestel (Lazier & Gagnard Kendrick, 1993: 199). Reklame vorm die grootste enkele onderafdeling van massakommunikasie. Dit is beskryf as "the most potent influence in adapting and changing habits and modes of life, affecting what we eat, what we wear and the work and play of the whole

nation". Die mediasosioloog Marshall McLuhan het advertensies nie verniet nie beskryf as die dinge wat ons "collective daydreams" reflekteer (Lazier & Gagnard Kendrick, 1993: 200).

Hierdie foto's – van die vrou in Wes-Afrika tot die advertensie-modelle – is tipies van hoe vroue uitgebeeld word. By eersgenoemde, 'n nuusfoto, is dit die taak van die fotograaf om eerlik, objektief en sonder kommentaar weer te gee wat hy sien. Dis immers die joernalistiek se opdrag. Maar dan moet dit met 'n gender-sensitiewe benadering in uitvoering en publikasie gedoen word. In reklame is daar 'n keuse van hoe vroue uitgebeeld word, en dus beheer oor die situasie, en kan dit makliker met die regte benadering deur advertensie-agentskappe reggestel word.

'n Historiese oorsig

Die opdrag van die joernalistiek is om gebeure feitelik en eerlik weer te gee. As dit is hoe vroue uitgebeeld word, hoekom is dit problematies? En wát is problematies?

Eerstens, hoe vroue in die media gereflekteer word, en tweedens, wie die besluite neem, is twee kante van dieselfde probleem. Hoe kan hierdie situasie oorkom word? Veral as jy daarna kyk in historiese perspektief ?

Die joernalistiek is al beskryf as die eerste ruwe weergawe van die geskiedenis. Dit is boonop deur die eeue hoofsaaklik deur mans geskryf. Geen wonder dan dat sekere gender akademici daarop aandring dat 'n *Herstory* pleks van 'n *History* geskryf moet word nie. Waar staan die vrou in die internasionale media se *History*? Vroue se bydrae tot die joernalistiek word maar eers die laaste paar dekades bestudeer.

Een van die eerste vroue in die media, die Britse joernalis lady Mary Wortley Montagu, het in die agttiende eeu gesê: "Hide your learning, daughter, as if it were a physical defect" (Van der Vyver, 1987: 5). Die uitgewer van die eerste Britse koerant in 1702 was moontlik 'n vrou. Maar selfs al was sy nie 'n vrou nie, was daar 'n ander vrou wat toe tot die politieke joernalistiek bygedra het en ook in 1709 die redakteur van die eerste vrouetydskrif was (Van der Vyver, 1987: 6).

Vroue was egter 'n uitsondering in die agttiende-eeuse Britse mediabedryf. In Amerika is vrouename vóór 1800 ewe skaars, maar nuwe navorsing dui daarop dat hulle dalk 'n groter rol as in Brittanje gespeel het. Minstens veertien vroue was uitgewers en drukkers van koerante. Hulle was die weduwees van uitgewers wat die bedryf ná die eggenoot se dood voortgesit het (Van der Vyver, 1987: 10).

In Engeland was vrouebemagtiging deur vroue al in die negentiende eeu 'n feit. Die *Langham Place Group* was 'n groep vroue wat geldelike steun verskaf het aan die *Englishwoman's Journal*, wat die eerste keer in 1858 verskyn het. Manlike kollegas het gemeen die huwelik behoort 'n vrou se enigste beroep te wees, met onder meer die volgende uitspraak: "It would be an excellent thing if all single women could get married as fast as they can, and the rest hold their tongues in a dignified manner" (Van der Vyver, 1987: 23). In 1857 is die eerste vroulike drukkers opgelei deur 'n vrou wat die eienaar was van die Victoria Press, drukker van die *Englishwoman's Journal*. Manlike drukkers was glo ontevrede: "Die vermenging van geslagte in 'n drukkry neig om die morele waardes en die verstand van die onskuldige vrou skade te berokken en al die laer passies van die mensdom te vererger," het hulle gesê. Ondanks dié protes was teen die einde van die negentiende eeu meer as vyfhonderd vroulike drukkers in bedryf. 'n Publikasie met die titel *The World: A Journal for Men and Women* van 1874, wat die edele doel gehad het om vroue "as 'n redelike klas van die gemeenskap te erken," verklaar dat die tydskrif deur "gentlemen and scholars" geskryf word wat vroue as kopers en lesers erken, maar nie as joernaliste en skrywers nie (Van der Vyver, 1987: 27).

Die eerste vroulike redakteur van 'n Amerikaanse dagblad word gevind by die *Boston Transcript* in 1842. In 1849 is 'n landwye debat uitgelok deur die redakteur van 'n vroueblad wat die langbroek as vrouedrag verdedig het (Van der Vyver, 1987: 28). Vir Afrikaanse vroue is die debat presies 'n eeu later gevoer toe die tydskrif *Sarie* dit in die vroeë jare vyftig uitgelok het (Rabe, 1985: 158). Die eerste vroulike oorlogskorrespondent het onder 'n manlike skuilnaam in 1847 verslag gedoen oor die Mexikaanse oorlog. Waarskynlik een van die eerste vrouejoernaliste wat in aksie gesterf het, het onder meer in 1848 uit Rome verslag gedoen oor die revolusie daar. In 1868 is die *New York Press Club and Sorosis* gestig, die eerste vroueklub in Amerika, nadat vroulike joernaliste verbied is om 'n dinee ter ere van Charles Dickens, op besoek in Amerika, by te woon (Van der Vyver, 1987: 30).

Vroue van die vroeë joernalistiek was dus terselfdertyd aktiviste vir vroueregte, en het 'n groot rol gespeel in die verkryging van onder meer die stemreg in die volgende eeu (Van der Vyver, 1987: 32). In 'n Britse tydskrif skryf 'n vrouejoernalis in dié tyd: "I ask no favours for my sex. All I ask our brethren is that they will take their feet from off our necks, and permit us to stand upright on that ground which God designed us to occupy" (Van der Vyver, 1987: 31).

Die Amerikaanse presidentsvrou Eleanor Roosevelt het slegs vroulike verslaggewers by haar perskonferensies toegelaat met die doel om meer poste vir vroue te skep. Danksy hierdie beleid het 'n groot verandering in die houding jeens vroueverslaggewers ingetree. "She brought women into government and brought their ideas to bear on government" (Mills, 1990: 36). Talle werkgeleenthede is geskep. Koerante en nuusdienste is gedwing om minstens een vrou aan te stel, of om vroue se poste gedurende die Depressie te behou.

'n Maatstaf vir die ontwikkeling van vrouejoernaliste is dat slegs een Amerikaanse vroulike joernalis vir die Eerste Wêreldoorlog geakkrediteer is. Met die Tweede Wêreldoorlog was dit meer as twintig. Die oorlog het vroue die kans gegee om te bewys dat hulle byna enige denkbare manspos kan vul. Maar belangriker: dit het die openbare mening ten gunste van werkende vroue geswaai (Van der Vyver, 1987: 106). Eers het net "deeltydse" joernalistiek vroue aangetrek, want tot diep in die twintigste eeu het 'n stigma gekleef aan vroue wat buitenshuis werk. Die werkende getroude vrou is met die Tweede Wêreldoorlog aanvaar as 'n eersteklas-burger met 'n onmisbare bydrae. Sy sou nie ná die oorlog haar nuwe ekonomiese onafhanklikheid prysgee nie (Van der Vyver, 1987: 125). Hoewel die openbare ideaal toe tog weer in die rigting van kombuis, kerk en kinders geneig het, is die werkende vrou nooit weer so veroordeel nie.

Sedert die sestigerjare kon vroue meer keuses maak. Meer het gegradueer, hulle het later getrou, en hulle het beheer oor swangerskappe gehad danksy die Pil. Vroue het ook nie ophou werk wanneer hulle met 'n gesin begin het nie (Mills, 1990: 84). Maar die vrou se probleme as beroepsvrou het toe maar eintlik begin.

Vroue en die ontwikkeling van die SA joernalistiek

Vroue was so skaars in die wêreld van die "koerantman" in die vroeë Hollands/Afrikaanse en Engelse joernalistiek dat die meeste geskiedskrywers hulle ignoreer of hoogstens een of twee noem (Van der Vyver, 1987: 16).

Nederland en Brittanje, wel twee voorlopers in die uitgee van koerante en Suid-Afrika se koloniale heersers, het hul kolonie die reg op 'n vrye pers ontneem. Die media het gevolglik stadig ontwikkel, waarskynlik ook met die gevolg dat die vrou eers veel later 'n rol in die joernalistiek kon speel (Van der Vyver, 1987: 6). Tog het hulle deelgeneem, in klein getalle, en waarskynlik eers ná 1850.

Ander faktore wat die deelname van vroue beperk het, kan benewens die persgeskiedenis ook in die landsgeskiedenis gevind word. Omdat geskiedskrywers onvermydelik beïnvloed word deur persoonlike agtergrond en sosiale ervaring, was geskiedenisboeke tot onlangs "brose uitdrukkings van wit manlike geskiedkundiges se beperkte perspektiewe" (Van der Vyver, 1987: 35). Die vroue wat wel 'n bydrae tot die vroeë joernalistiek in Suid-Afrika gelewer het, kan beskou word as een van die tot dusver vergete groepe in die geskiedenis.

Die naam van 'n edelvrou is, soos in die geval van Brittanje, een van die eerste vrouename in die Suid-Afrikaanse joernalistiek. Sy was Anna, gravin van Bremont, die eerste vroulike verslaggewer in Suid-Afrika. Sy het by *The Star* se stigting in 1889 in Johannesburg 'n sangnommer gelewer, waarna aangekondig is dat sy haar by die redaksie aansluit (Van der Vyver, 1987: 38). Terwyl sy "bekoorlike rokke" en "betowerende hoede" van Johannesburgers beskryf het, het 'n Amerikaanse vroulike joernalis reeds ses maande in Mexiko deurgebring om korrupsie in die regering te ondersoek. In Suid-Afrika sou baie jare verloop voordat vroue bevorder is van sosiale verslaggewers. Byna twee dekades later het *The Star* steeds net een vrou in sy redaksie gehad, steeds as verslaggewer oor "vrouesake".

Die Afrikaanse joernalistiek

'n Belangrike verklaring vir die stadige ontwikkeling van die Afrikaanse pers lê voor die hand: die taal moes saam met die pers ontwikkel. Anders as in ander lande waar 'n pers ontstaan het uit 'n taal wat eeue lank gepraat en geskryf is, moes die Afrikaanse pers die Afrikaanse taal help vorm. Daar is al gesê dat die eerste werklike stuk Afrikaans wat ooit geskryf is, politieke joernalistiek was – Meurant se tweespraak tussen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar (Pienaar, 1979: 126).

Taal en media wat onder moeilike omstandighede moes ontwikkel, was een faktor. Met die effek van die Anglo-Boereoorlog op die ontwikkeling van die Afrikaner, is dit duidelik waarom die Afrikaanse vrou 'n nog moeiliker pad in die media gehad het. Een van die gevolge van die oorlog was naamlik dat die Afrikaanse vrou gemanipuleer is op 'n manier wat die patriarge van hul tyd gepas het. Dié nagevolge is nog tot onlangs ervaar. Feminisme is verdag gevind en verdag gemaak – nie minder so nie deur Afrikaanse vroue (Du Toit & Krog, 1994: 22).

Gesien dat die stemreg reeds in die eerste helfte van die negentiende eeu deur 'n Afrikanervrou geëis is, sou 'n mens verwag dat Suid-Afrika op die voorpunt sou wees van vroueregte (Du Toit & Krog, 1994: 24). In 1843, in 'n toespraak voor 'n Britse kommissaris, eis Susanna Smit, vrou van die Voortrekker-predikant Erasmus Smit, stemreg vir vroue. (Dis in hierdie toespraak waarin die vandag beroemde frase weerklink: "Liewer kaalvoet oor die Drakensberge".) Die reaksie was dat Smit en haar geslag 'n skande vir hul mans is om 'n vryheid te eis wat "nêrens in beskaafde gemeenskappe erken word nie" (Du Toit & Krog, 1994: 26). 'n Halfeeu later, in die laaste kwart van die negentiende eeu, het die Genootskap vir Regte Afrikaners verder teen vroue gediskrimineer. Hulle is nie toegelaat as "vriendinne" van die GRA nie – en boonop kon hulle ook nie aanvanklik in *Di Patriot* publiseer nie (Van Niekerk, 1994: 10). Dié eerste Afrikaanse koerant, gestig in 1876, en ook *Ons Klyntji*, eerste Afrikaanse tydskrif, gestig in 1896, het 'n aktiewe beleid van diskriminasie teen vroue gevolg.

As nagevolg van die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaanse vrou 'n verdere terugslag ervaar. Die "opkomende feminisme" is gestrem deur die term "Volksmoeder" wat geskep is. "Vroue moes hulle nie

vermoei met vuil dinge soos politiek nie, maar behoort hulself besig te hou met die edele taak van moederwees vir die nasie" is gesê (Du Toit & Krog, 1994: 24).

Die beeld van die vrou as moedige hoeksteen ván haar volk was allermins 'n teken van bevryding, maar eerder gebondenheid aan die ideaal van volksmoederskap, wat hier sinoniem is met geïdealiseerde "vroulikheid" (Van Niekerk, 1994: 10). Dominees en politici gaan uit hul pad om die "zusters" te wys op hul edel taak van moederwees vir die nasie. Die f-woord is onuitspreeklik. Gepaai en voorgesê, is aan hulle voorgehou dat hul oorlogsoffers meer was as enigiemand anders s'n. Daarom het hulle ná die oorlog spesiale behandeling verdien (Du Toit & Krog, 1994: 24).

Literêr-kulturele mag was patriargaal gesetel (Van Niekerk, 1994: 10). Ná die oorlog word 'n korrelasie gevind in die letterkunde tussen die groei van Afrikanernasionalisme en die "volksmoederskap", nie net in die skeppende skryfwerk nie, maar ook die vrou se pleidooie om erkenning op kulturele gebied.

Die baanbreker-joernalis MER het nooit van feminisme weggeskram nie. Sy het in haar skryfwerk "'n houding jeens sosiale onderdrukking [getoon] wat haar tyd ver vooruit is". In een van haar boeke kritiseer sy die opvatting dat die vrou minderwaardig teenoor die man is of waardeur sy haarself as "dienende Martha" projekteer (Van Niekerk, 1994: 13).

MER – in 1894 een van die eerste vier heeltydse vroulike studente aan die South African College – het vroeg 'n feministiese bewussyn gehad en het haar ma as die eerste feminis beskou. In haar memoirs skryf sy oor die bekende insident tydens die voorbereiding vir haar vertrek na die kollege waarin haar tuisdorp-winkelier haar ma vra of sy haar kinders laat leer sodat hulle mans kan kry.

"Ek laat hulle leer," was haar beroemde antwoord, "om sonder mans klaar te kom as hulle wil."

MER het later oor die insident geskryf: "Die aantyging het in haar die feminis wakker gemaak. In elke vrou – dit is my ondervinding – skuil dit, maar in sommige by wie die slaapgoed té verdowend is, word dit nooit wakker nie" (MER, 1972: 73).

Buiten MER se feministiese pleidooie vroeg in die twintigste eeu, het die eerste feministiese boek in 1921 in Afrikaans verskyn: *Vrou en feminist - of iets oor die vrouevraagstuk*, deur Marie du Toit, suster van Totius. Haar boek was die direkte gevolg van haar broer se kerkpolitiek. Geslagsvooroordele, skryf sy, is op gelyke voet met ras- en klasvooroordele (Van Niekerk, 1994: 2).

Waarom is die Afrikaanse vrou so met haar toestemming onderdruk? Immers, haar susters in Nederland het in 1918 stemreg gekry. Maar terwyl Nederlandse vroue daaroor gejubel het, het hul mans nie. Talle Suid-Afrikaanse predikante het in daardie tyd in Nederland studeer. Daar is kennis gemaak met 'n teoloog wat in 1914 'n boek met die titel *De erepositie der vrouw* geskryf het. Haar "ereposisie" is in die huisgesin onder die man wat namens die gesin stem. Dis geregverdig as sou God wou hê die vrou moet 'n private lewe lei en uit die openbare oog bly (Landman, 1998: 105).

Totius was een van die predikante wat onder dié invloed teruggekeer het. In 1920 het hy die kommissie gelei wat vrouestemreg ondersoek het. Sy aanbeveling was dat vroue nie net in die kerk nie, maar in die breë politiek van die stemreg weggehou moet word omdat God dit ten strengste afkeur. Du Toit wou Christenvroue mobiliseer deur hulle bloot te stel aan 'n nuwe beeld van die vrou. Maar sowel sy as haar boek is gou vergete (Du Toit & Krog, 1994: 27). In Totius se huis, wat 'n museum in die Paarl is, sal jy boonop nie Du Toit se boek op haar broer se boekrak sien nie (Landman, 1998: 107).

Met die verkryging van vrouestemreg in 1930 is die beyweraars daarvoor deur politici sowel as die media met minagting behandel en onderwerp aan ekstreme vorms van seksisme (Du Toit & Krog, 1994: 25).

Die rol van die swart vrou

Ter wille daarvan dat die stilte oor die swart vrou nie ook hier luid weerklink nie, kortliks die volgende.

Vir Suid-Afrika se swart vroue was die "stiltes tussen woorde en tekste" nog groter. Hulle moes met die migrasie van werkers na die myne huishoudings in stand hou en as enkel-ouers bestaansboerdery bedryf. Totaal uitgesluit van enige politieke mag moes hulle veg vir die mees basiese menseregte in die land van hul geboorte (Du Toit & Krog, 1994: 25). In 'n sekere sin is dieselfde "volksmoederskap" aan hulle toegedig. Winnie Madikizela-Mandela was lank "the mother of the nation" – terwyl nooit na Nelson Mandela as "father of the nation" verwys is nie.

Swart vroue was heel onder in die stedelike sosiale hiërargie, met die minste regte, nie net omdat hulle swart was nie, ook omdat hulle arm was. Apartheid het swart vroue van hul regte gestroop, maar so ook kapitalisme en patriargie. Dit het noodsaaklik geword dat die rol van die swart vrou ondersoek word. Haar swak mediastatus word verder versterk deur die gender-gedrewe karakter van nuus:

> With black women it goes further: there is a 'near invisibility' of black women in the news. When they appear, it is mostly in the following stories: Underdevelopment, oppressive traditions, high illiteracy, rural and urban poverty, religious fanaticism, overpopulation, disasters (burning of shacks) and violence against women. Victims, and people who have no control over their destinies ... The structures and social practices of racism are starting to be challenged by the media, but journalists have the added challenge and responsibility to represent black women in all their diversity (Mthala, 2000: 7).

Vrouename in die Afrikaanse joernalistiek

Een van die eerste vrouename in 'n studie oor die Hollands-Afrikaanse joernalistiek is dié van 'n weduwee wat ná haar man se dood sy nuusblad behartig het. Die publikasie het van 1844 tot ná 1860 verskyn. Nog 'n vrouenaam is dié van die dogter van 'n Stellenbosse predikant wat ná haar pa se dood redakteur geword het van sy blad, gestig in 1859. Die teenwoordigheid van 'n manlike gesinslid was, soos in Amerika, dus 'n voorvereiste vir die vrou in die vroeë joernalistiek in Suid-Afrika. Ander vroue in die vroeë ontwikkeling van die Hollands-Afrikaanse pers het dit gewoonlik onder skuilname gedoen, waarskynlik ook om die stigma van die werkende vrou te ontglip (Van der Vyver, 1987: 19).

Die Burger as oudste vlagskip-koerant van Naspers is die byna perfekte gevallestudie vir die ontwikkeling van die Afrikaanse vrouejoernalis. Met sy stigting in 1915 het vroue 'n "kosmetiese rol" gespeel. Mev. Christiaan Marais – onder haar man se naam – het byvoorbeeld die pers formeel aangeskakel om die eerste proefeksemplaar te druk (Van der Vyver, 1987: 37). 'n Eerste vrou in die redaksie was Maria Cillié, of mev. dr. G.G. Cillié, soos sy onder lesers bekend was. (Agt jaar ná haar vroeë dood is die Cilliés se betrokkenheid voortgesit deur haar seun Piet, eers as verslaggewer, later redakteur – en uiteindelik voorsitter van Naspers en stigter van die Departement Joernalistiek op Stellenbosch.)

Vrouebladredaksielede is vir algemene nuuswerk gebruik weens 'n tekort aan mans; tog was dit "ondenkbaar" dat hulle in die algemene redaksie aangestel kon word. Die rede: 'n vrou kan nie na enigiets gestuur word nie, ook nie die hof of ander "minder aangename" stories nie (Van der Vyver, 1987: 115).

MER het 'n groot invloed gehad op die geslag vroulike joernaliste ná haar. As die mans by *Die Burger* soms gedink het dat sy die feminisme "'n bietjie te dik" aanmaak, het die *Burger*-taalman Louis Hiemstra gesê, kon hulle "tog nie bra 'n antwoord op haar streng beredeneerde betoog" vind nie (1975: 66). MER het in 1950 op ouderdom 75 geskryf dat vroue nie maar net – soos sommige mans beweer – 'n windmeul soek om te bestorm nie. "Solank mans... vir vele duisende vroue vir dieselfde werk minder betaal as vir mans – hoe kan ons oortuig word dat ons met 'n windmeule te doen het?" (MER, 1950: 23). Later verwys sy na een van haar rubrieke van 1922: "Baie mense is geneig om die hele vrouebeweging as sondig te bestempel. Maar dit is nie; dit is net so min sondig as die oorloop van 'n dam wat te vol geword het" (MER, 1972: 211). MER het nie gehuiwer om "groot" name te kritiseer nie – soos Langenhoven wat geskryf het dat vroue nie tot die regsberoep toegelaat moet word nie (Van der Vyver 1987: 85).

Sy was 'n mentor vir Alba Bouwer, eerste vroulike adjunkredakteur in die Naspers-stal, en Audrey Blignault, wat jare lank 'n rubriek in dieselfde tydskrif geskryf het (Rabe, 1985: 110). Vir laasgenoemde het sy die joernalistieke raad gegee: "raak sien en met waarheid beskryf – dit is die essensiële" (Blignault, 1975: 14). Dis 'n kenmerk van MER se raad ook aan ander. Soos aan die jong joernalis Elize Botha, vandag Kanselier van hierdie universiteit en direksielid van Naspers: "Jy kan die mag van die verbeelding gebruik om die werklikheid duidelik te maak. Maar wat jy skryf, is ter wille van die agterkom van waarheid..." (Botha, 1975: 26). MER se waarnemingsvermoë is so beskryf: "Wie het ek voor my? ... Met nuuskierigheid vra sy dit, met skerpsinnigheid, met begrip, maar bowenal met groot mededoë" (Bouwer, 1975: 29). Sy word vandag nie net gemeet aan die baanbrekerswerk wat sy vir vroue gedoen het nie, maar ook daaraan dat sy "volgens elke maatstaf 'n merkwaardige verslaggewer was" (Van der Vyver, 1987: 93).

Die struikelblokke vir vroue is duidelik as 'n mens lees wat Markus Viljoen – na wie die Akademie van Wetenskap en Kuns se medalje vir uitnemende joernalistiek vernoem is – skryf oor die posisie van die vrou as verslaggewer:

> Haar posisie is maar heel ondergeskik. ... in die gewone joernalistiek word sy meestal maar belas met die spesifieke vroulike aangeleenthede soos teepartytjies, huwelike en dergelike meer (Viljoen, 1953: 25).

Vroue hoort net by die vroueblad, was die mening in die Afrikaanse pers. Dieselfde is in die Engelse pers aangetref, maar daar kon vroue dit tog vroeër regkry om van die vroueblad weg te breek. Tot ná 1945 is vroue by *Die Burger* slegs in die vroueredaksie aangestel. Sou hulle trou, was die amptelike beleid, moes hulle bedank (Van der Vyver 1987: 95). Indien 'n vrou sou besluit om nie te trou nie, was 'n loopbaan nie vanselfsprekend nie. Om 'n deeglike joernalis te wees, moes jy deeglike taalvaardigheid hê, en om dit te kry, moes jy in die nagkantoor werk. Vroue is nie in die nagkantoor toegelaat nie, selfs al was hulle, soos Rykie van Reenen, bereid om daar te werk.

Van Reenen was naas MER die tweede groot naam in die Afrikaanse vrouejoernalistiek – daarom was dit ook gepas dat Naspers se sekonderingspos in die Departement Joernalistiek ter ere van haar die Rykie van Reenen-Genootskap genoem word.

Sy het as loopbaan-joernalis 'n baanbrekerrol gespeel en die vrouejoernalis geword wat in die hoogste uitvoerende amp in die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse joernalistiek aangestel is – om as redakteur waar te neem by 'n hoofstroom-koerant, 'n mylpaal vir haar tyd. Van Reenen was ook die enigste vrou aan wie die Akademie se Markus Viljoenmedalje vir joernalistiek en 'n eredoktorsgraad toegeken is (Van der Vyver, 1987: 127).

Nog 'n naam sinoniem as "baanbreker vir vroue" was volgens een studie nie een van vlees en bloed nie, maar van papier en ink: die tydskrif *Sarie* (Van der Vyver, 1987: 135). Anders as Naspers se bestaande tydskrifte wat met die diensmotief gestig is, is uit die staanspoor oor die nuwe tydskrif gesê: sonder wins geen diens (Spies, 1992: 378). Die tydskrif het gelukkig gou bewys dat sy in die kol is vir haar teikenmark sowel as haar direksie se oogmerke. Sy het ook vir ander belangrike mylpale gesorg. Naspers was nou aangewys op vrouejoernaliste. In 1951 kon getroude vroue as "tydelike personeel" aanbly – en is hulle elke ses maande tydelik aangestel (Van der Vyver, 1987: 149). *Sarie* het ook haar leser bemagtig met relevante inligting – soos artikels oor die vrou se regsposisie (Rabe, 1985: 158).

Diskriminasie teen vroue was egter algemeen. Die vroueredakteur van *Die Burger* het tot die sewentigerjare nooit, soos redakteurs van ander afdelings, die daaglikse nuuskonferensie bygewoon nie (Van der Vyver, 1987: 175). Marie-Louise van Heerden was in 1978 die eerste vroulike sub in die nagkantoor nadat besluitnemers lank geglo het dat 'n vrou nie snags saam met die mans sou kon werk nie (Van der Vyver, 1987: 195). Mercy Morkel was die eerste bruin vrou by *Die Burger* in die laat sewentigerjare. In 1980 was die uwe, volgens Van der Vyver se studie, en dit was nuus vir my, die eerste vrou in die vaste redaksie wat een van die vier buitekantore vir *Die Burger* "beman" het. [Ek pleit onskuldig. Destyds het ek, pas vier maande by *Die Burger*, gemeen ek word gestraf vir my onhebbelikheid en was nie bewus daarvan dat die "manne" my eintlik 'n eer aandoen nie.] Latiefa Mobara was die eerste bruin vrou in die nagkantoor in die vroeë jare tagtig (Van der Vyver, 1987: 194). Mobara is tans die uitvoerende direkteur van Sanef, die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum. Irna van Zyl, 'n oud-student van die departement, was in 1985 die eerste vroulike hoofsub by *Die Burger*. Nog 'n oud-student, Igna Schneider, is in 1999 aangestel as die eerste vroulike nuusredakteur by *Die Burger*.

Teen die jare tagtig was 'n derde van alle redaksies, Engels en Afrikaans, vroulik. Geeneen het 'n vrou in die hoofredaksie gehad nie (Van der Vyver, 1987: 212). Danksy Suid-Afrikaanse wetgewing is dit vandag onwettig om op grond van geslag te diskrimineer. Hoe dit in die praktyk toegepas word, is 'n ander vraag. Vroue is vandag meer teenwoordig in hoofredaksies en in ander besluitnemingsposisies, hoewel die balans nog nie gevind is nie. By *Die Burger* is sowat 40% van die redaksie vroulik, met byna 'n derde van die hoofredaksie wat vroue is.

Navorsing oor die status van vroue

Talle projekte en studies oor vroue se posisie in die media word wêreldwyd gedoen. Die projek "Women make the news" is 'n inisiatief van die Internasionale Federasie van Joernaliste en Unesco. Die afgelope twee jaar word met die oog op Internasionale Vrouedag op 8 Maart 'n oproep gedoen dat vroue in media vir daardie dag nuuswaardes bepaal en daarvolgens nuus versamel en publiseer of uitsaai (One week, 2001). Dit wil die aandag daarop vestig dat hoewel die getal vroue in media vermeerder, nie genoeg vroue besluitnemingsposisies bereik nie. Dit moet ook die gebalanseerde en nonstereotiepe uitbeelding van vroue bevorder. Volgens Unesco kan die "vry vloei van onafhanklike en pluralistiese inligting slegs bestaan wanneer talentvolle joernaliste 'n gelyke kans het om redakteurs en media-besluitnemers te word". Die situasie in Suid-Afrika is dat plaaslike media nie eens van die inisiatief kennis geneem en daaroor berig het nie, wat nog te sê deelgeneem het.

'n Analise van verlede jaar van 1 000 media-instansies in 56 lande het bevind dat indien vroue die geleentheid kry, hulle besluitnemingsposisies kán inneem. Geleentheid om ander werk te doen as wat hulle tot toe toegelaat is, het die werk van onder andere die hoofredakteur "gedemistifiseer". By die koerant *The Age* in Melbourne was dit byvoorbeeld die eerste keer in sy geskiedenis van 146 jaar dat vroue in beheer was – en daar is die volgende dag gevind dat die hemel toe nie geval het nie.

'n Ander studie is die *Global Media Monitoring Project* (GMMP) (Spears et al, 2000). Die twee opnames wat al gedoen is – in 1995 en verlede jaar – maak dit die mees omvattende analise wêreldwyd. In 1995 is bevind dat vroue 17% en mans 83% van nuusonderwerpe was. In verlede jaar se opname was vroue 18% en mans 82%, wat nie as 'n statisties beduidende verskil beskou word nie. Die "verskoning" vir die lae persentasie, naamlik dat media 'n refleksie is van wat in werklikheid gebeur, is nie aanvaarbaar nie. Die verslag wil dus uiteindelik media-uitgewers, joernaliste en media-opvoeders uitdaag in hul idees oor wat nuus is.

Twee breë aspekte van vroue se deelname is gemeet: hul teenwoordigheid as aanbieders en onderwerpe, en hul rolle – die soort stories en die manier waarop hulle uitgebeeld word. Onder die rolle van vroue en mans as mediapraktisyns is bevind dat vroulike TV-aanbieders jonger is en manlike TV-aanbieders ouer. Die gevolgtrekking: voorkoms is 'n groter posvereiste vir vroue as vir mans. Oor die soort nuus waaroor hulle verslag doen, is bevind dat vrouejoernaliste steeds hoofsaaklik opdrag kry om oor plaaslike nuus, eerder as nasionale of internasionale nuus verslag te doen; oor vermaak en gesondheid, eerder as politiek en misdaad. Mans het sport, oorlog en nasionale en internasionale krisisse gedek. Ouer vroue is blykbaar ook nie nuus nie: daar is twee keer meer mans ouer as 65 in die nuus as vroue. Die aanname kan ook gemaak word dat vroue in die stereotiepe rol as slagoffer uitgebeeld word. Die media neig voorts om vroue in hul huwelik- of gesinstatus te identifiseer – as vrou, ma, dogter; mans deur hul beroep

of posisie in die samelewing.

Die enigste afdeling waarin vroue meer verteenwoordigend raak, is nie 'n verrassing nie: foto's. 'n Interessante fenomeen is dat in foto's van oproer en betogings vroue 70% verteenwoordig is. Boonop toon statistiek dat die deelnemers aan oproer en betogings slegs 23% vroulik en 77% manlik is. Die gevolgtrekking wat die studie maak, is dat vroue daar is vir "dekoratiewe doeleindes".

Ook ontbreek vroue se perspektiewe en menings. Soos: in 'n berig oor die uitbreek van gastro-enteritis – terwyl vroue die primêre gesondheidsorgers in die gemeenskap is; en een oor salaris-geskille van verpleegsters – terwyl vroue 99,5% van alle verpleërs uitmaak. Nog 'n voorbeeld: 'n koerant skryf oor die probleme wat vrouestudente ondervind – 'n manlike dosent sowel as student is ondervra, geen vroulike student nie. Die gevolgtrekking is dat die nuusmedia *oor* vroue praat, en nie *met* hulle nie.

Die rede wat aangevoer word, is dat daar nie tyd was om 'n vroulike standpunt te kry nie, of dat geen geskikte vroulike kenner gevind kon word nie. Dit illustreer nie net die afwesigheid van vroue se stemme nie, maar ook die gebrek aan aandag wat die nuusmedia gee aan vroue se posisie as gelyke landsburgers. In die proses word vroue, en dus die publiek, swak gedien.

Die voorbeelde wys hoe diep gewortel die probleem is. Die uitdaging is nie om met 'n paar persentasiepunte te verbeter nie. Dit gaan nie oor die aantal vroue in die nuus nie, maar die strukture, die waardes en die gebruike wat bepaal hoe nuus geselekteer en aangebied word. Wat nodig is, is 'n diepgaande transformasie waarin vroueregte – en vroue se regte om te kommunikeer – beter verstaan, gerespekteer en toegepas word deur die breë gemeenskap en die media.

Dit sal nie vanself gebeur nie. Voortdurende navorsing, media monitering en voorspraak is noodsaaklik, nie net om die kwessies onder die aandag van die media te bring nie, maar ook om te verseker dit word ernstig opgeneem.

Kanadese media het reeds 'n gebruikskode ingestel vir gender-uitbeelding en effektiewe meganismes vir die gebruik daarvan. Onder meer word dialoog deur opbouende kritiek met die media voorgestaan. 'n Gids met die kontakbesonderhede van vroue in elke kennisveld word verskaf sodat kenners op elke gebied bereik kan word.

Studie ná studie bevind dat nuus in sy verskeidenheid vorms vroue histories verkeerd en onderverteenwoordig. Selfs terwyl die Vrouebeweging in die jare sestig en sewentig gehelp het om vrouerolle uit te brei, het nuusdekking hul prestasies geïgnoreer of getrivialiseer. Een analise van 'n internasionale nuusdiens van die sewentigerjare het getoon dat slegs 1,5% van die dekking oor vroue was (Byerly, 1995: 108).

In Afrika het die media met 'n werklikheid te make wat selfs ernstiger is as in die res van die wêreld. 'n Navorser van die *Women's Media Watch* skryf:

> Women and gender issues are blatantly under-reported in Africa – as they are in the rest of the world. But here we're dealing with record breaking statistics of violence against women and media coverage that doesn't begin to confront the problem (Le Roux, 1999: 24)

Huishoudelike geweld is die misdaad wat die minste in Suid-Afrika aangemeld word; beriggewing oor verkragting is onvoldoende en swak. Die media moet gedwing word om vroue – en die skending van hul regte en hul persoon – in die eerste "draft of history" te skryf.

Die direkteur van die *African Women's Media Centre* in Dakar, Senegal, sê die verandering in bewustheid en dekking moet binne en buite die bedryf plaasvind.

"From the outside by media monitoring and talking back to media outlets about the various types of coverage. From the inside by those who make the news, the journalists, the photographers and artists – and those who decide what is news – lobbying for and enforcing changes" (Randle, 1999: 27).

Statistiek toon dat vroue in 25% van media-posisies in Afrika is, die meeste op 'n lae vlak. "Female journalists continue to face certain issues and challenges in the workplace that their male colleagues do not. Among them: access to jobs and training, equitable wages, discrimination and sexual harassment, and balancing work and family" (Randle, 1999: 27).

Sanef, die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum, het ná 'n 1999-konferensie in 'n verklaring gesê: "... recent studies indicated that 17 000 women are killed and raped every year in this country. This is 7 000 more than the death toll for the Kosovo conflict. ... We have resolved to mobilise the media to address this crisis" (Le Roux, 1999: 25).

'n Mens kan natuurlik vra wat verander het aan die situasie. Die *Federation of African Media Women* van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap het in sy opname oor die status van vroue bevind dat vroue met 24 tot 6 in byvoorbeeld die posisie senior verslaggewer deur mans oortref word (Newsletter, 1999).

Dit is bekend dat die media vandag onder finansiële druk is, en hom dus toenemend strategies moet posisioneer. Mills skryf: "Newspapers today are increasingly corporate. ... They seem more interested in marketing the news than in covering it. But there is one area in which corporations know self-preservation when they see it and newspapers have not matched their pace: the care and feeding of female staff members, especially executive staff members. Newspapers are back in the inkstained wretch department on that score" (1990: vii).

In Amerika is mediavroue een derde van die arbeidskrag, en word dit meer. Vroue maak die helfte van die lesersmark uit. "But in too many cases they are still hidden behind the newsroom pillars, unseen when promotions are passed out." Te min koerante gee aandag aan die aanstel, bevordering en behoud van vroue, ook nie aan vroue se idees oor nuusdekking nie. Daar is voorts 'n skakel tussen wat gedek word en wie die opdragte gee, wat gedek word en deur wie, en wat gepubliseer word en hoe. Meer vroue in senior posisies sal koerante help om beter die belange van alle lesers te dien. Les bes: "The newspapers that get out among 'em today could be ahead of the game tomorrow" (Mills, 1990: ix).

'N NUWE INGESTELDHEID IN DIE MEDIAKANTOOR

Uit bogenoemde studies, en met statistiek uit Suid-Afrikaanse koerante as maatstaf, is Suid-Afrika geen uitsondering nie. Volgens een studie was mans meer as 85% van die onderwerpe in drie groot dagblaaie (*A Male-Dominated, 2000*). Nuuskodes kort dus dringende aandag.

'n Nuuskantoor-revolusie moet plaasvind om die respek en lojaliteit van vroue te kry wat te lank in die nuus- en advertensiemedia as 'n tweedeklasgehoor behandel is. Huidige nuuswaardes moet omvergewerp word om nuut die vraag *ecquid novi* te kan beantwoord.

Van Zoonen het in haar studie oor die rol van die media in die opbou van 'n openbare identiteit vir die vrouebeweging in Nederland getoon dat "kulturele teenstand" in mediakantore voorkom (Creedon, 1993: 6). Joernaliste moet dus gesensitiseer word oor hoe hulle skryf, en dit geld vir inhoud én aanbieding. As voorbeeld: 'n sterk seksistiese houding en 'n onderliggende paternalisme by manlike resensente. In 'n resensie word 'n roman beskryf as "verveelde huisvrou-literatuur". Dis nie 'n literêre waardeoordeel nie, maar 'n uitlating waarin die posisie van die vrou kleineer word, en dié posisie weer as 'n belediging op die literatuur geprojekteer word (Van Niekerk, 1994: 7).

Meer vroue in rolle as nuusversamelaars en nuusaanbieders is nie die enigste oplossing nie. Die probleem is dat die proses van nuusversameling en nuusdefinisies nie fundamenteel verander het nie (Creedon, 1993: 13).

Massakommunikasie is 'n winsgedrewe, advertensieondersteunde sakebedryf, en die binnekoms van vroue het nie die magsbasis verander om nuuswaardes te verander nie. Dis ook waarom advertensies soos dié aan die begin van my lesing nog nie genoeg bevraagteken word nie. Daarbenewens moet nuwelinge noodwendig konformeer met die bestaande dominante waardes in enige werkplek – wat deur manlike eienaars en bestuurders bepaal word.

Vroue in die nuuskantoor

In talle lande is wette téén diskriminasie en vír gelyke geleenthede, soos Suid-Afrika se Wet op Billike Indiensneming. In die praktyk is daar egter groot agterstande. Ook wat betref inkomste. In 1971 is in 'n Amerikaanse studie bevind dat vrouejoernaliste 64 sent verdien vir elke dollar van hul manlike gelykes. Intussen het dit gestyg tot 81% van dié van mans (Lafky, 1993: 95). 'n Onlangse Suid-Afrikaanse studie het getoon dat vroue gemiddeld 10% minder verdien as mans (Truter, 2001: 38).

'n Besinning oor vroue se rol in die media is nie volledig sonder om na hul rol as primêre versorgers van gesinne te verwys nie. Dit bly een van die voortdurende uitdagings vir vroue om 'n beroep en 'n gesin te kombineer. Vir vroue in die joernalistiek is dit net meer so omdat daar geen vaste werkure is nie en 'n mens 24 uur beskikbaar moet wees. Dus geen wonder nie dat 'n aantal studies oor vroue in die media getoon het dat hulle minder waarskynlik as mans getroud sal wees of kinders sal hê (Lafky, 1993: 97). In 'n publikasie van die *American Society for Newspaper Editors* is geskryf: "You can have it all – if you don't need too much sleep."

Selfs die beweeglikheid van 'n vrou met kinders – soos die rondstuur op stories – is problematies. Bevordering wat trek insluit, is soms onmoontlik. Vroue kan net die keuses maak as hul kollegas of base hulle die buigbaarheid gee om dit te doen. Of, soos Mills skryf, as die baas 'n baarmoederoorplanting kry en self kinders het, want dit is om 'n gesin en 'n werk te balanseer, wat die meeste stres veroorsaak (1990: 312).

Die pluspunt is dat vroue met gesinne 'n ander dimensie na die nuuskantoor bring. Om kinders te hê, verander houdings – en kan bydra tot beter joernalistiek. Een joernalis het dit só beskryf: "Before I had a kid, I was the run over your own mother for a good story type of reporter... having a kid made me think what was important to me and not just what I was going to get as a writer" (Mills, 1990: 317).

In die meeste studies oor vroue se rol in die moderne ekonomie bly dit die dilemma: hoe om 'n beroep met gesinsverpligtinge te versoen. Indien vroue beroepsukses wil hê, moet hulle identiese beroepspaadjies as hul manlike eweknieë volg, wat slegs kan gebeur indien hulle nie kies om kinders te hê nie. Vroue se verpligtinge as primêre gesinsversorgers behoort erken te word. Mills beveel aan: "Talk to staff, encourage discussion of any tensions between work life and home life. Conduct seminars to help employees ... and provide the same kind of day care that [you] write about in newspapers" (1990: xiii).

'n Nuwe definisie van nuus

Vroue voeg substansie, nie maar net 'n bietjie geur nie, by die daaglikse mengsel van nuus (Mills, 1990: xiv). Hoekom dus moet nuus aan die begin van die 21ste eeu bepaal word volgens die definisie van 'n oorwegend Westerse, patriargale samelewing?

Waarom, byvoorbeeld, word steeds van harde nuus teenoor sagte nuus gepraat? Harde nuus is buitelandse beleid, regeringsake, ekonomie. Histories: mansake. Die regte nuus. Sagte nuus is die vier f's: "family, food, fashion and furnishings." Harde nuus/sagte nuus-onderskeidings reguleer steeds hoe sommige koerante na nuus kyk – en wat is belangrik en wie dit moet dek (Mills, 1990: 110).

Ontwikkelingsjoernalistiek, wat gedefinieer word as nuus oor ekonomiese, politieke en sosiale verandering met oorsaaklike historiese en ander faktore, het ook vroue deur die jare geïgnoreer. Tradisionele Westerse nuus, met sy fokus op enkele gebeurtenisse en gebeurlikhede, word geglo, is minder bruikbaar as nuus wat 'n koherente prentjie vorm van 'n spesifieke nasie en sy verhouding tot ander. Die kennisbehoeftes van die nuusgehoor, met die klem op sosio-ekonomiese strukture (soos grondhervorming), is belangrike temas in ontwikkelingsjoernalistiek (Byerly, 1995: 109). Die gevaar bestaan egter dat Suid-Afrika se behoefte aan media-diversiteit oorskadu kan word deur ontwikkelingsjoernalistiek as daar nie bewustelik daaraan aandag gegee word nie.

Die volgende hulpmiddels as modelle om diversiteit te bevorder, kan ondersoek word:

Die diverse vyf W's en een H

Diversiteit kan met die tradisionele bestanddele van 'n nuusberig, die vyf w's en die een h, uit 'n ander perspektief, bevorder word:

WIE –	is uitgelaat in die storie?
WAT –	is die konteks vir die storie?
WAAR –	kan ons meer inligting kry?
WANNEER –	gebruik ons rasse- of etniese of geslagsidentifikasie?
WAAROM –	sluit ons sekere inligting in of uit? (Colón, 1999). Plus daarby 'n
HOEKOM –	kan die benadering nie anders wees nie?

Die Differensiasie-wiel

Dis 'n meganisme wat verslaggewers kan help om 'n beter begrip te hê van wat hulle rapporteer en hoe hulle hul onderwerp benader en uitbeeld. Dit illustreer twaalf basiese voorwaardes vir differensiasie om mense en hul ervarings te kodifiseer, en is 'n effektiewe hulpmiddel (Irby, 1999).

'Bou brûe'

Nog 'n strategie wat 'n joernalis nuwe insigte vir diversiteit in haar of sy verslaggewing sal gee, is om figuurlik brûe te bou. Dit behels 'n eie databank van aanlyn-werwe en publikasies wat fokus op diversiteit. Spesialiste, organisasies wat minderheidsgroepe verteenwoordig en rolmodelle in gemeenskappe – die nie-amptelike leiers – behoort ook daarin te wees (Colón, 1999).

Mentor-strategie

Die meeste literatuur oor mentorskap dui op 'n eenrigting-verhouding waarin die mentor die gementorde oplei en afrond. Om iemand van 'n ander rassegroep of gender te mentor, is moeiliker omdat dit "onnatuurlik" is. Binne sulke mentorskappe, sê die bestaande literatuur, moet die verhouding tweerigting wees, met elke party wat die ander help om iets te leer wat die leerder andersins heelwat minder en heelwat stadiger sou leer – indien enigsins (Boyd, 1999).

Diversiteit-sensitiewe woordgebruik

Die hedendaagse nuuskantoor moet gesensitiseer word vir woorde wat kan aanstoot gee, en om woorde te ontgender. Die "koerantman" as mitologiese karakter het as uitdrukking per definisie vroue uitgesluit. Soos ook ander woorde wat vroue uitsluit, wat algemeen en sonder nadenke gebruik word. Slegs een woord om mediapraktisyns te laat dink:

> die *persombudsman* – daardie persoon wat moet waak oor gebalanseerde berriggewing. Wat van 'n *ombudspersoon*? In Amerika is die posisie reeds gevestig as *ombudsperson*.

'n Paar riglyne om gender te elimineer, is om 'n generiese term te gebruik, om nie 'n vroulike uitgang vir 'n woord te gebruik nie, om die seksistiese voornaamwoord te vervang en om die sin in die tweede persoon te skryf (Brooks et al, 1999: 154).

Ook moet opgelet word hoe vroue beskryf word wanneer moeite gedoen word om wel vroue te raadpleeg. In berigte oor vroue word lesers verseker dat sy nogtans beeldskoon is, of ongetroud – met onvermydelike verwysings na die goeie kok, die toegewyde ma of onderdanige eggenoot. Joernaliste moet sulke stereotipering vermy. Die skenker van 'n bedrag van $25 miljoen aan 'n sakeskool word in 'n Amerikaanse saketydskrif beskryf as "the toughest babe in business" (Daily & Dalton, 2000:1).

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat mans histories die nuus beheer het en steeds beheer. Hulle besluit watter nuus om te dek en hoe, en hulle bepaal die inhoud en aanbieding.

BEHOEFTE AAN 'N GENDER/DIVERSITEITS-LEERPLAN IN DIE MEDIA-KLASKAMER

'n Herinterpretasie van die rol van die vrou in die media-leerplan sowel as dié van media-opleiers – ook diegene wat navorsing doen oor die onderwerp – is nodig sodat die kringloop reeds in die media-klaskamer verbreek word.

Ter wille van die perspektief, 'n kort historiese blik oor opleiding en vroue.

Hoewel 'n vrou by die stigting van die Universiteit van Utrecht in 1652 – die jaar van die blanke besetting van die Kaap – genooi is om 'n lofsang te skryf danksy die feit dat sy die beste Latinis in die stad was, kon vroue nie aan die universiteit studeer nie. Anna Maria van Schurman, die "mees geleerde vrou in Europa", tuis in die teologie, filosofie, botanie en minstens veertien tale, kon nie self 'n student aan die universiteit wees nie. Terwyl dit oop was vir "iedereen tussen die Noord- en Suid-Pool, elke Nederlander en elke Utrechtenaar" – solank hy manlik was. Op grond van haar lofdig is sy toe darem toegelaat – maar van agter 'n skerm – plus gordyne. Sy het onder meer 'n verhandeling oor die reg van die vrou op studie geskryf. Daarna het dit meer as twee en 'n halwe eeu geduur voordat die volgende vroulike student aan Utrecht toegelaat sou word (Van Beek, 2001: 1).

Die eerste kursus in Amerika in die joernalistiek is in 1893 ingestel – wat die beroep meer professionele en akademiese status gegee het. In 1904 is die eerste vierjarige joernalistiekkursus begin (Van der Vyver, 1987: 51). Pulitzer het in 1912 die nagraadse joernalistiekskool aan die Columbia Universiteit in New York gestig. Dis terloops die model waarop ons departement geskoei is. Dit is ook die instelling waar die reeds genoemde Markus Viljoen in die jare twintig gestudeer het – een van die eerste Afrikaners met akademiese opleiding in die joernalistiek. In Europa is massakommunikasie as akademiese studieterrein slegs maar die afgelope sewe dekades bestudeer, en sedert die laat jare vyftig, en meer spesifiek die laat sewentigerjare, in Suid-Afrika (De Beer, 1998: 5).

Sedert vrouejoernaliste die eerste keer toegelaat is tot byvoorbeeld die Columbia School of Journalism – volgens 'n streng kwota-stelsel van slegs 10% per klas, wat tot die laat jare 60 in werking was (Lafky, 1993: 93) – tot vandag, het die prentjie in joernalistiekopleiding heeltemal verander. Vanaf 1977 was die meerderheid studente in joernalistiek en massakommunikasie-opleiding vroulik. Soos wat vroue tot die joernalistiek toetree, sou hulle dus as agente van verandering kon optree (Creedon, 1993: 4). Ná 'n kwarteeu is daar egter nog nie 'n beduidende verskil nie. Dit is omdat vroue – wat vandag twee derdes van joernalistiek-gegradueerdes uitmaak – nie voorberei word daarop dat die joernalistiek nie die gelyke-geleenthede-werkgewer is wat dit voorgee om te wees nie (Mills, 1990: xiv).

'n Studie oor gender in joernalistiekhandboeke het bevind dat hulle 'n beduidende, hoewel 'n nog onderbestudeerde rol, speel (Steiner, 1993: 301). Handleidings sluit dikwels vrouejoernaliste uit. Die ironie is dat die eerste joernalistieke handleiding deur 'n vrou geskryf is. *How to observe: morals and manners* het in 1838 verskyn, met praktiese wenke oor die opstel van vrae, die versameling van feite en die vereistes vir aantekeninge (Van der Vyver, 1987: 25). Taal in handleidings is ook 'n kwessie omdat dit nie duidelik is of die taal van die "koerantman" tot die vrou spreek nie. Teksboeke gebruik roetinegewys die manlike selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde in hul kwalifisering van die beroep (Steiner, 1993: 303).

Vroue in media-opleiding

Opleiding omvat alle aspekte van die professionele funksionering van 'n onderwyser, insluitend teksboeke en leerplan. Ook die omgewing waarin die opleier funksioneer (Creedon, 1993: 16). Maar nog te min opleiers in die media-klaskamers is vroue. Soos die geval met vroulike studente is daar egter nou meer as ooit tevore vroue wat toetree tot die akademie (Viswanath et al, 1993: 237). Een studie het die sosio-demografiese eienskappe van vroue in media-opleiding ondersoek, die milieu waarin hulle werk, en loopbaanpatrone. 'n Studie oor vroue se persepsies van die verskillende rolle wat hulle moet vul – van eggenoot, ouer, fakulteitslid, onderwyser en navorser – wat kan lei tot oorbelasting en konflik, is ook gedoen (Viswanath et al, 1993: 238).

By die aanstelling en bevordering van vroue in media-opleiding behoort soekkomitees in ag te neem dat kandidate moontlik nie sulke gedetailleerde CV's het as mans nie, suiwer omdat hulle nie dieselfde geleenthede gehad het nie (Grunig, 1993: 295). In 1989 het die Amerikaanse Association for Education in Journalism and Mass Communication 'n resolusie aanvaar om teen 2000 50% verteenwoordiging van vroue en minderhede in joernalistiekskole te hê. 'n Opname in 1992 het getoon die gekombineerde persentasie van vroue en ander minderheidsgroepe was 34%, met net 13% van hulle vroue met 'n volle professoraat (Creedon, 1993: 17).

Gender-kwessies in kurrikulums

Dit is nodig om 'n kurrikulum te ontwikkel wat nie alleen fokus op diversiteit nie, maar 'n nuwe instelling in die besinning oor nuus. 'n Nuwe generasie rapporteurs en mediabestuurders moet met oop oë en oop ore, en

bowenal 'n oop gemoed, die nuus eerlik, kommentaarloos en diversiteit-sensitief rapporteer en bestuur. Dit beteken 'n nuwe definisie van nuus en nuuswaardes wat op 'n nuwe manier deur media-opvoeders aan die volgende geslag oorgedra moet word. Om die kurrikulum te transformeer, sal afhang van die benadering tot kursusse sowel as hul inhoud (Grunig, 1993: 289).

Gender is terselfdertyd simplisties en kompleks. Hoe dieper jy delf in die wetenskaplike, politieke, ekonomiese of ander kulturele aannames oor gender, hoe meer kompleks en divers raak die meningsverskille (Creedon, 1993: 4). Feministiese teorie het getoon dat gender nie net die naam van 'n persoon, 'n plek of 'n voorwerp is nie. Gender is 'n werkwoord, die handeling in die benaming van daardie persoon, plek of voorwerp.

Groeiende getalle sogenaamde Women's Studies departemente is nie die enigste oplossing nie. Daarbenewens beskou sommige "women's studies" of "gender studies" as die voortgaande ghettorisering van vrouebelange. Hoewel, word gesê, die ghetto kan dalk meer soos 'n gegoede voorstad lyk – vir bevoorregte, wit, middelklasvroue, want volgens twee studies loop vrouestudies die gevaar om 'n elitistiese onderneming te word (Grunig, 1993: 290). Van die voorstelle om dit 'n hoofstroom-aktiwiteit op kampus te maak, is om mans in hoër opleiding bewus te maak dat wat met vroue gebeur, in 'n sekere sin ook met hulle gebeur. Met ander woorde, dit is in mans se belang om aandag te gee aan vrouekwessies.

Om die leerplan te transformeer, vereis meer navorsing – waarvoor vroue bevorder moet word; studente moet bemagtig word met kennis van al die kulture waaruit 'n gemeenskap bestaan; die ervarings van elke kultuur moet in sy eie konteks ondersoek word en nie met 'n ander se maatstawe nie; geen nuwe kursusse moet ingestel word sonder om diversiteit in ag te neem nie; en kursusse oor gender of diversiteit moet ontwikkel word (Grunig, 1993: 295).

Nog 'n navorser oor media-kurrikulums meen 'n nuwe benadering moet gebou word op die volgende beginsels: eerstens etiek. Die klem moet pleks van op persvryheid op die reg tot kommunikasie wees. Anders as persvryheid, wat neerkom op vryheid van regeringsinmenging, moet die reg tot kommunikasie gebaseer word op die reg op 'n vrye en gelyke stem (Rakow, 1993: 369). Tweedens moet die onafhanklikheid van joernalistiekskole wat deur belangegroepe soos mediamaatskappye ondersteun word, eerbiedig word. Derdens word 'n holistiese benadering bepleit tussen die verskillende studievelde van massakommunikasie. Voorts moet leerplanne inklusief wees. Dit beteken meer as bloot die byvoeging van onderwerpe oor vrouestudies. Laastens: leerplanne moet visionêr wees. Tereg word gevra:

> While we are preparing our students for the 21st century, who is preparing the 21st century? Let's not prepare students to live in the 21st century, let's prepare them to create it.

AFSLUITING

Massakommunikasie en die samelewing beïnvloed mekaar wedersyds (De Beer, 1998: 6). Die volgende geslag mediawerkers moenie net rapporteurs, redakteurs of mediabesturders word nie, hulle moet nuwe areas van nuus ontgin, eerder as om die ou areas in 'n diskriminerede manier verder te dek. As die "hand" en "verstand" – die vaardighede van die joernalistiek en die denkprosesse daaragter – moet media-praktisyns en media-opleiers saamwerk om 'n werklike demokrasie tot stand te bring – waarvan die media eers dan die ware waghond kan wees.

Pulitzer het in 1904 gesê "The power to mould the future... lies in the hands of the journalists of the future generations".

Indien die media dit erns is oor sy toekoms en die rol wat hy behoort te speel, sal dit 'n toekoms wees waarin die vrouestem in gelyke mate kan antwoord op die vraag: *ecquid novi?*

BIBLIOGRAFIE

A Male-Dominated Society. 2000. *MT International Quarterly Journal* Nr 6. www.medientenor.de/english/special/000206grd.html. 2001: 21 Maart.

Blignault, A. 1975. 'n Pure gelukslag (pp 8-19). *MER 100*. Kaapstad: Tafelberg.

Botha, E. 1975. Die mens en die boek (pp 20-28). *MER 100*. Kaapstad: Tafelberg.

Bouwer, A. 1975. Wie het ek voor my? (pp 29-30). *MER 100*. Kaapstad: Tafelberg.

Brooks, S.B., Kennedy, G., Moen, D.R., Ranly, D. 1999. *News Reporting and Writing Sixth Edition*. Boston, New York: Bedford/St. Martin's.

Byerly, C..M. 1995. News, Consciousness, and Social Participation: The Role of Women's Feature Service in World News. In Valdivia, A.N. (red), *Feminism, Multiculturalism, and the Media. Global Diversities* (pp 105-122). Thousand Oaks, Kalif: Sage Publications.

Daily, C.M. & Dalton, D.R. 2000. Coverage of women at the top. www.cjr.org/year/00/2daily/dalton.asp 2001: 29 Maart: 1.

De Beer, A.S. 1998. *Mass Communication towards the Millennium*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

De Beer, A.S, Van Ryneveld, L.F. & Schreiner, W.N. 2000. Leipzig: From Tobias Peucer's *De Relationibus Novellis* (1690) to *Ecquid Novi* (2000). *Ecquid Novi*, 2000 21 (1): 6-61.

Colón, A. 1999. The 5 W's of Journalism from a Diverse Perspective. Julie 1999. www.poynter.org/dj/tips/diversity/aly.htm. 2001: 21 Maart: 1.

Creedon, P.J. 1993. The Challenge of Re-Visioning Gender Values in Creedon, P.J. (red), *Women in Mass Communication* (pp 3-23). Newbury Park, Kalif: Sage Publications.

Du Toit, M. en Krog, A. 1994. Op pad na 'n inheemse feminisme. *DSA* nr 50. Oktober 1994: pp 22-28.

For the 10th annual World Press Freedom Day. 2001. www.wan-press.org.3may/english/quotes.html. 2001: 3 April: 1.

Gist, M.E. 1993. Through the Looking Glass: Diversity and Reflected Appraisals of the Self in Mass Media in Creedon, P.J. (red), *Women in Mass Communication* (pp 104-117). Newbury Park, Kalif: Sage Publications Inc

GMMP 2000: The Results. 2000. www.wacc.org.uk/womedia/mgm//results.htm: 2001: 29 Maart.

Goga, F. 2000. *Towards Affirmative Action: Issues of race and gender in Media Organisations*. Durban: Unesco & Cultural and Media Studies, University of Natal.

Grunig, L.A. 1993. The "Glass Ceiling" Effect on Mass Communication Students, in Creedon, P.J. (red), *Women in Mass Communication* (pp 276-300). Newbury Park, Kalif: Sage Publications.

Hiemstra, L.W. 1976. Aanrakingspunte met M.E.R (pp 59-73). *MER 100*. Kaapstad: Tafelberg.

Irby, Kenny. 1999. Conditions of Difference. www.poynter.org/dj/tips/vj/difference.htm

2001: 4 April: 1.

Lafky, S.A. 1993. The Progress of Women and People of Colour in the U.S. Journalistic Workforce: A Long, Slow Journey in Creedon, P.J. (red), *Women in Mass Communication* (pp 87-103). Newbury Park, Kalif: Sage Publications.

Landman, C. 1998. *Nagstukke ... oor vrywees en vrouwees en goed voel oor jouself*. Kaapstad: Lux Verbi.

Lazier, L. & Gagnard Kendrick, A. 1993. Women in Advertisements: Sizing Up the Images, Roles and Functions in Creedon, P.J. (red), *Women in Mass Communication* (pp 199-219). Newbury Park, Kalif: Sage Publications.

Le Roux, G. 1999. The least reported crime. *Rhodes Journalism Review*, Desember 1999: 24-25.

Lowe-Morna, C. 2001. *Whose News? Whose Views? Southern Africa: Gender in Media Handbook*. Johannesburg: Gender Links.

MER.1950. Stem en Reg. *Sarie Marais*. 25 Oktober 1950: 23.

MER.1972. *My Beskeie Deel. 'n Outo-biografiese Vertelling*. Kaapstad: Tafelberg.

Mills, K. 1990. *A Place in the News. From the Women's Pages to the Front Page*. New York: Columbia University Press.

Mthala, P. 2000. Gender: the next step. *Rhodes Journalism Review*. Augustus, 2000: 7.

Newsletter. 1999. Federation of African Media Women. www.awmc.com/news.jan99/famw.htm 2001: 29 Maart: 1.

Ngwenya, J. 1999. *Rhodes Journalism Review*. Desember 1999: 51.

One Week Initiative, 5-11 March to mark International Women's Day. //mirror-us.unesco.org/webworld/march8/ 2001 10 April.

Pienaar, S. 1979. *Getuie van Groot Tye*. Kaapstad: Tafelberg.

Rabe, L. 1985. *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie*

Marais as massatydskrif vir die Afrikaanse vrou. Ongepubliseerde meestersverhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Rakow, L.F. 1993. A Bridge to the Future: How to Get There From Here Through Curriculum Reform, in Creedon, P.J. (red), *Women in Mass Communication* (pp 363-374). Newbury Park, Kalif: Sage Publications.

Randle, W.J.E. 1999. Women and gender in the African media. *Rhodes Journalism Review.* Desember 1999: 27.

Spears, G., Seudegart K., & Gallagher, M. 2000. *Who makes the news? Global Media monitoring Project 2000.* Londen: World Association for Christian Communication.

Spies, J.J. 1992. Tydskrifte in 'n ander wêreld in W.D. Beukes (red), *Oor Grense Heen. Op pad na 'n nasionale pers 1949 – 1990* (pp 351-393). Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Stappe ná teistering in Parlement. 2001, 4 April. *Die Burger*, p. 5.

Steiner, L. 1993. Body Language - Gender in Journalism Textbooks in Creedon, P.J. (red), *Women in Mass Communication* (pp 301-316). Newbury Park, Kalif: Sage Publications.

Time. 14.08.2000:1.

Truter, S. 2001. 10% minder? Nee dankie. *Sarie*, Julie, 2000:38.

Van Beek, P. 2001. Ne sol iustitiae vergat ad ima tibi. Stellenbosch: ongepubliseerde toespraak. 2001: 29 April.

Van der Vyver, M. 1987. *Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers met spesifieke verwysing na Die Burger en die Nasionale Pers.* Ongepubliseerde meestersverhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Van Niekerk, A. 1994. *Vrouevertellers 1843-1993.* Kaapstad: Tafelberg.

Van Zoonen, L. 1994. *Feminist Media Studies.* Londen: Sage Publications.

Van Zuydam, Schalk. 2001. Hooffoto: Dié vrou is een van talle... Johannesburg: Beeld, 13.07.01: 1.

Viljoen, J.M.H. 1953. *'n Joernalis Vertel.* Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Viswanath, K., Kosicki, G.M., Creedon, P.J. 1993. Women in Mass Communication Education: Progress, Problems and Prospects in Creedon, P.J. (red), *Women in Mass Communication* (pp 237-263). Newbury Park, Kalif: Sage Publications Inc.

Women now dominate SA Web use. 2001. www.webchek.co.za. 2001: 4 April.